# Bloemfontein in Tel Vir die Monument

## SEINHEUWEL BAIE GESKIKTE PLEK

Bloemfontein is bepaald in die tel om die Voortrekkermonument te kry. Die besoek van die komitee wat belas is met die ondersoek van moontlike plekke vir die monument gister, het die stad se kanse baie versterk en mnr. Gerard Moerdyk die boumeester, het hom teenoor 'n verteenwoordiger van ons blad besonder ingenome verklaar met die plek wat die stadsraad op Seinheuwel wil afstaan.

„Dit is 'n baie geskikte plek vir die monument in 'n baie geskikte omgewing en my verslag sal ongetwyfeld gunstig wees," het mnr. Moerdyk gesê. „Natuurlik is daar ander plekke wat ewe geskik is en waaroor my verslag eweneens gunstig sal wees."

Mnr. Moerdyk het verduidelik dat absoluut die beste omgewing vir die monument verlang word. Dit moet nie op 'n afgeleë plek of in 'n minder aangename omgewing staan nie. Die beste en sentraalste plek word vir die monument verlang en aan dié vereistes voldoen Seinheuwel. Dit is in die middel en in die beste omgewing van die stad.

SAL 150 VOET HOOG WEES

Die monument, wat 150 voet hoog sal wees, sal op daardie koppie van alle paaie en spoorweë wat na Bloemfontein lei, gesien kan word en dadelik die aandag trek.

As jy bo op die monument staan, sal jy na alle windstreke kan kyk en selfs ver oor Naval Hill na die noorde, waar die pad van die Voortrekkers gegaan het.

'n Mens sal 130 voet hoog op die monument kan klim, waar 'n platte van sewentig by sewentig voet sal wees, vanwaar 'n pragtige uitsig oor die vlaktes gekry sal word.

Mnr. Moerdyk het verduidelik dat die gruisgate geen moeilikheid sal oplewer nie. Daar kan bome geplant en mooi tuine op die heuwel aangelê word, wat 'n allesins geskikte omgewing vir die Voortrekkermonument sal gee.

Vergesel van 'n afvaardiging uit die Suidelike Vrystaat bestaande uit lt.-kol. H. F. Venter, burgemeester van Reddersburg, ds. H. F. V. Kruger (Fauresmith), mnre. D. A. Lamprechts, F. W. Coetzer en S. J. du Plessis, sekretaris, en verteenwoordigers van die Bloemfonteinse stadsraad, het die komitee gister die twee plekke wat die Bloemfonteinse stadsraad wil afstaan, gaan besoek. Die koppie naby die begraafplaas is egter heeltemal ongeskik bevind, maar Seinheuwel het die lede as besonder geskik getref.

Die stadsraad van Bloemfontein is gewillig om water, lig en sanitêre geriewe te verskaf en sal die instandhouding van die monument en die tuine onderneem.

Nadat die komitee die plekke besoek het, het hy die afvaardiging en verteenwoordigers van die Bloemfonteinse stadsraad in die raadkamer van die stadhuis ontmoet.

In 'n memorandum wat aan die komitee voorgelê is, het die afvaardiging Bloemfontein se aansprake bepleit op grond daarvan dat die Vrystaat die eerste grondgebied is wat die Voortrekkers binnegetree het toe hulle die Kaapkolonie verlaat het. Die Vrystaat het eweneens sy geskiedkundige aandeel in die Voortrekkergeskiedenis en sy gedenkwaardige plekke soos Vechtkop, Boomplaats, Thabantsjoe, Winburg, Harrismith, ens. Voorts het die afvaardiging beklemtoon dat die bevolking van die Vrystaat vandag nog byna uitsluitend uit die nasate van die Voortrekkers bestaan, wat nie van een van die ander provinsies gesê kan word nie. Bloemfontein is ook 'n Voortrekker-dorp en is die hoofstad van 'n Voortrekkerprovinsie.

Uit meer praktiese oorwegings verdien Bloemfontein ook aandag. Dit is die sentraalste plek van al die plekke wat sover genoem is. Dit het die konferensiestad van die Unie geword en al die paaie en spoorweë van die land kom hier bymekaar.

Praktiese redes het die deurslag gegee dat die Vrouemonumant in Bloemfontein opgerig is. Omdat die Voortrekkermonument 'n volksmonument moet wees, word gevoel dat, al sou dit net om praktiese redes wees, Bloemfontein die aangewese plek is.

Die komitee het gisteraand nog na Winburg vertrek, waar die plaaslike komitee vandag ontmoet word.